# GEMEENTEBULLETIN

**24 JULIE 2020**

STELLENBERG GEMEENTE

## EREDIENSTE OP 26 JULIE | ALMAL AANLYN

**Oggend-en-gesinsdiens**

Joh. 18:33-37 en Rom. 12 | In watter koninkryk kies jy om te leef? | Ds. Marius Breytenbach

**Meditatiewe diens**

Romeine 12 | Lewe binne die koninkryk van God | Ds. Philipp Dietmann

**Relevant-diens**

*Deconstructing faith* | Ds. Hanno Ackerman

**KYK** aanlyn vanaf 06:00 Sondagoggend en enige tyd daarna na die opnames van bogenoemde eredienste op www.stellenberg.co.za, of op die Youtube-kanaal.

**LUISTER** na die klankbaan van die oggenddiens op die webwerf.

**LEES** die geskrewe oggenddienspreek op die webwerf.

## ONDERSTEUNINGSGROEP | COVID-19-LYERS

Ons besef mense word op verskeie wyses deur Covid-19 geraak en om met die siekte gediagnoseer te word, bied heelwat uitdagings.

Juis daarom wil ons graag 'n WhatsApp-ondersteuningsgroep begin vir lidmate wat met die virus geïnfekteerd raak en 'n behoefte aan ondersteuning het. Dit kan emosionele ondersteuning, gebed, of net 'n geleentheid vir gesprek behels.

Kontak vir ds. René Potgieter deur vir haar 'n WhatsApp na 079 893 8104 te stuur, as jy by die groep wil aansluit, of stuur vir haar 'n e-pos na rene@stellenberg.co.za.

### GEDAGTES VIR ELKE DAG VAN INPERKING

**Nou ook in 'n stem-boodskap.**

Die geestelike dagstukke kan voortaan elke dag as 'n stem-boodskap wat deur 'n leraar opgeneem is, geluister word, of jy kan steeds soos voorheen, die geskrewe boodskap lees. Die geskrewe boodskap, asook die stemboodskap is daagliks op www.stellenberg.co.za onder "Gedagtes vir elke dag" of op die gemeente se Facebookblad beskikbaar.

### HULP@STELLENBERG.CO.ZA

Indien jy hulp (fisies of geestelik) benodig tydens die inperking, of graag hulp wil aanbied, stuur asb. 'n e-pos aan aan bg. adres of kontak ons leraars telefonies.

## ASEMSKEP-GEBEDSBYEENKOMS

Skakel via *ZOOM* by ons weeklikse gebedsbyeenkoms om 18:30 op Dinsdagaande in. Almal is baie welkom om deel te neem. Gebruik die skakel hier onder om aan te sluit by die byeenkoms, of stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za of rene@stellenberg.co.za. Dan sal ons die skakel vir jou e-pos.

https://us04web.zoom.us/j/79404168876?pwd=bTRiZTIyelM0dUlyakF2TGpwTEZjQT09

Meeting ID: 794 0416 8876 Passcode: 8uTYYN

## HANDSAKKE VOL HOOP

Op 9 Augustus vier ons Vrouedag en vanjaar wil ons graag 'n verskil in die lewens van hawelose vroue maak. Daarom wil ons graag aan hawelose vroue in ons omgewing elkeen 'n handsak vol bederfgeskenke gee.

Neem 'n handsak (oud of nuut) en pak asb. die volgende items daarin:

Deodorant, sneesdoekies, 'n kam/borsel, handreinigingsmiddel, handeroom, sanitêre produkte, lipstiffie of lipsalf, 'n serp of mus, 'n notaboekie en pen en 'n sjokolade.

Gee asb. die handsak voor 14 Augustus by die kerkkantoor af. Ons sal die handsakke in samewerking met die MES-kantoor in Bellville uitdeel.

Kom ons bring 'n bietjie vreugde in die lewe van vrouens wat dikwels aan baie swaarkry blootgestel word.

## AANLYN SAMARITAAN-ADVERTENSIEBLAD

Besoek gerus die nuwe aanlyn Samaritaan-advertensieblad op www.stellenberg.co.za. Die blad bied aan entrepreneurs, of eienaars van kleinsakeondernemings die geleentheid om dienste en produkte teen bekostigbare tariewe te adverteer. Werksgeleenthede en bekostigbare blyplekke word ook geadverteer. Rig navrae aan sanel@stellenberg.co.za.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar by

082 854 4530.

### NGK SONSTRAAL bied aan

Inry-etes @ Sonstraal op Vrydag 31 Julie. Bestel voor Dinsdag 28 Julie jou ete by lyn@sonstraal.org.za of skakel 021 976 1236.

Kerrie-en-rys @ R35

Boereworsrolle @ R25

Warm poeding @ R20

## STEMBOODSKAPPE DEUR LERAARS

Die geestelike dagstukke kan daagliks as 'n stemboodskap wat deur 'n leraar opgeneem is, geluister word, of jy kan steeds soos voorheen, die geskrewe boodskap lees. Die geskrewe boodskap, asook die stemboodskap is daagliks op www.stellenberg.co.za onder "Gedagtes vir elke dag", of op die gemeente se Facebookblad beskikbaar.

Indien jy graag na die stemopname op jou slimfoon wil luister, stuur asb. 'n *WhatsApp* met jou *naam* + *stemboodskap* na 083 611 4720.

Jy sal dan op die verspreidingslys geplaas word en die stemboodskap daagliks op jou selfoon ontvang.

## VOEDSELHULP

Voedselhulp in samewerking met verskeie nieregeringsorganisasies, asook met ons medewerkers in verskillende gemeenskappe, bly een van die gemeente se hoogste prioriteite. Voedsel word tans weekliks in Wesbank, Khayelitsha en Ysterplaat versprei.

Indien jy tot die uitgebreide voedselbediening wil bydra, kan jy 'n elektroniese oorbetaling na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, maak. Gebruik *hande en rande* as verwysing.

Ons benodig steeds **sopkokers**. Indien jy bereid is om weekliks 'n pot sop te kook, kontak asb. vir Anène Nortier by 083 581 6930.

## BYBELSKOOL | PAULUS SE BEDIENING

Skakel in by ons Bybelskool om meer te wete te kom van Paulus se vroeë lewe, sy radikale bekering en sy bediening wat daarop gevolg het. Daar is 'n hele paar interessante feite oor dié legendariese geestelike leier.

Besoek www.stellenberg.co.za. Op die tuisblad is 'n Bybelskool-blokkie. Kliek daarop om toegang tot die Bybelskoolblad te verkry. Daar kan jy na ds. Marius Breytenbach se aanbiedings kyk en ook die handleidings met bykomende leesstof aflaai.

Sessie 1, 2 en 3 is reeds beskikbaar. Nuwe materiaal word elke Dinsdag bygevoeg.

### PROJEK SAMARITAAN HULPLYN

hulp@stellenberg.co.za

### NUUS PER E-POS OF OP JOU SELFOON

- Ontvang die bulletin weekliks, asook die skakels na eredienste per e-pos deur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.
- Sluit by die WhatsApp-groep aan om die bulletin en die skakel na die oggenddiens op jou selfoon te ontvang deur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720 te stuur.

### GEBEDSVERSOEKE

Stuur jou gebedsversoeke (anoniem indien jy dit verkies) na navrae@stellenberg.co.za.

## AANPASSING VAN EREDIENSTE

Tydens vlak 3 van inperking word kerkbyeenkomste met beperkte bywoning weer toegelaat en in die lig daarvan is eredienste op 5 en 12 Julie 2020 in die kerkgebou aangebied. Na aanleiding van die landwye skerp styging in die Covid-19-infeksiesyfers wat tans ondervind word, asook die beduidende ongemak van heelwat lidmate om groepbyeenkomste by te woon, het die kerkraad en leraarspan besluit om eredienste in die kerkgebou vir eers, tot verdere kennisgewing, op te skort. Ons vertrou dat ons eersdaags en onder veilige omstandighede weer die samesyn van 'n gemeenskap van gelowiges sal kan beleef. Intussen sal al drie eredienste (soos hierbo uiteengesit) nes voorheen vanaf 06:00 Sondagoggende en enige tyd daarna, aanlyn op dié webwerf en die YouTube-kanaal beskikbaar wees. Kyk gerus na die eredienste op 'n dag of tyd wat jou pas. Neem vrymoedigheid om leraars in die verband te kontak.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van:

- Anna Francina (Ina) Fourie, gebore 10/01/1950 en oorlede op 16/07/2020. Ina was sedert 1977 'n lidmaat van die gemeente en het in Reigerstraat 12 gewoon. Ons medelye aan Johan, haar man en hulle kinders en kleinkinders wat sy agterlaat. Ina was ook vir baie jare as verpleegsuster werksaam by die Tygerberg Hospitaal. Begrafnisreëlings is nog nie bekend nie.

- Anna Marieta Kotzé gebore 08/12/1941 en oorlede op 16/07/2020. Sy was sedert 1989 'n lidmaat van Stellenberg-gemeente en het in Bergsig Garden Villas gewoon. Ons medelye aan Sonja Kotzé, haar dogter en haar kleinkinders wat sy agterlaat. Die begrafnisdiens is op Dinsdag 28 Julie om 10:30 in die kapel.

### LERAARS

Ds. Hanno Ackerman

079 543 5261

hanno@stellenberg.co.za

Ds. Marius Breytenbach

082 376 6053

marius@stellenberg.co.za

Ds. Philipp Dietmann

084 354 0729

pdietmann@gmail.com

Ds. Why Duvenhage

082 570 5931

why@stellenberg.co.za

Ds. René Potgieter

079 893 8104

rene@stellenberg. co.za

Ds. Callie Visagie

072 385 4368

ctvisagie@

stellenberg.co.za

**Stellenberg Ondersteuningsentrum (SOS)**

Rudolph van Schoor

Sentrumbestuurder

082 854 4530

rudolph@stellenberg.co.za

## FINANSIËLE BYDRAES

**Debietorder**

Laai die aansoekvorm van die webwerf af.

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening


145 058 0011, takkode 632005.


**SnapScan**

**Kontantbydraes – plaas in die posbus**

Diegene wat verkies om hulle bydraes kontant te gee, kan steeds kontantbydraes by die kerkkantoor afgee. Daar is 'n beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor. Plaas jou bydrae daarin. Die posbus word daagliks leeggemaak.

## DANKOFFERS EN BANKKOLLEKTES




**STELLENBERG-GEMEENTE**

www.stellenberg.co.za

**Kerkkantoor**

021 976 4519

navrae@stellenberg.co.za

Die kerkkantoor is weeksdae, vanaf Maandag tot Vrydag tussen 08:00 en 13:00 oop.

Met die oog op Covid-19-protokol, versoek ons besoekers om waar moontlik nie die kantoor te betree nie. Pakkies kan by die voordeur se hek, op die stoep, gelaat word. Ons sal dit daar in ontvangs neem. Doen sover moontlik asseblief telefonies tussen 08:00 tot 13:00 navraag oor sake of stuur 'n e-pos na navrae@ stellenberg.co.za.

**Straatadres**

h.v. Moutain View-rylaan en Edelweissweg, Eversdal, 7550